Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Navorsing

Verwysing: 20200204-4022
Leerno: 12/2/10/5
Navrae: V Nyalashe

Navorsingsminuut: 0002/2020

Aan: Prinsipale van alle onafhanklike skole

Onderwerp: 2020 WKOD Sistemiese Toetse in onafhanklike skole

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het sedert 2002 Sistemiese Toetse in Taal en Wiskunde vir graad 3- en 6-leerders afgeneem. In 2010 is die program uitgebrei na graad 9. Die uitslae help skole om areas vir verbetering en die WKOD om areas van die kurrikulum wat addisionele ondersteuning vereis te identifiseer.

2. Onafhanklike skole is vanaf 2010 genooi om aan die toetsprogram deel te neem. Dit is 'n **vereiste dat gesubsidieerde onafhanklike skole deelneem** terwyl niegesubsidieerde onafhanklike skole op uitnodiging deelneem.

3. **Hierdie minuut dien as 'n formele uitnodiging aan alle niegesubsidieerde onafhanklike skole,** met meer as tien leerders in graad 3, 6 en 9 elk, vir deelname aan die WKOD se Sistemiese Toetse vir 2020. Hierdie toetse sal bestuur word deur onafhanklike diensverskaffers wat deur die WKOD aangestel is.

4. U aandag word op die volgende besonderhede aangaande die 2020-toetse gevestig:

   - Toetsing sal vanaf **30 September tot 15 Oktober 2020** plaasvind.
   - Toetse sal vir een dag per skool geskeduleer word.
   - Graad 3-leerders sal getoets word in Taal en Wiskunde, in die Taal van Leer en Onderrig (TLO) van die skool (Engels, Afrikaans of Xhosa).
   - Graad 6- en 9-leerders sal in Taal en Wiskunde in die TLO van die skool (Engels of Afrikaans) getoets word.
   - Die slaagpunt vir alle toetse is 50%.
   - Skoolverslae sal aan alle skole uitgereik word.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 9350 Faks: +27 21 425 7445
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

5. Indien u skool belangstel om deel te neem aan die 2020 toets, gaan asseblief soos volg te werk:

   - Voltooi die aangehegte vorm om aan te dui dat u skool belang stel om aan die graad 3-, 6- en 9-toetsprogram deel te neem, en faks dit dan na mnr Vumile Nyalashe by 086 555 3955 of e-pos dit na vumile.nyalashe@westerncape.gov.za **teen 24 April 2020**.
   - Maak seker dat die besonderhede van alle leerders in graad 3, 6 en 9 **teen 31 Julie 2020** op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) vasgelê is.

6. Die WKOD sien uit na die deelneming van niegesubsidieerde onafhanklike skole aan die 2020 WKOD Sistemiese Toetse vir graad 3, 6 en 9.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2020-02-10

Naam van skool											
OBIS-no.											
Is die leerderinligting op SOBIS vasgelê?							**JA**		**NEE**		
Het die skool sy 2020 kits- en jaarlikse opnames voltooi en vir die WKOD gestuur?							**JA**		**NEE**		
Indien u skool gaan deelneem, dui asseblief die grade aan wat aan die toets gaan deelneem deur die toepaslike blokkie te merk.											
Graad 3		**Graad 6**					**Graad 9**				

INLIGTING VERLANG	**Graad 3**	**Graad 6**	**Graad 9**
Getal klasse			
Getal leerders			
Getal leerders met Afrikaans as TLO			
Getal leerders met Engels as TLO			
Getal leerders met Xhosa as TLO			

.....
Handtekening van Prinsipaal

Datum:.....

Faks asseblief die voltooide vorm na Vumile Nyalashe by 086 555 3955 of e-pos dit na vumile.nyalashe@westerncape.gov.za of skakel 021 467 9350.